
# Musiek In Die Natuur



*NOG MEER VAN ONS MAATS: Links: Kottie Bootha, van Elandsvlei, pk. Randgate (links) en Miriam Smuts, van Vlakfontein, pk. Derby (regs); middel: Paul Beyleveldt, van Spoorweghuis 10, Queenstown; regs, Martha Slabbert, van Dunottar, Sub Nigel.*



KOOROEFENING vanaand om „tienuur," klink dit van mond tot mond, want die meeste van hulle was nog te ongeleerd om 'n kennisgewing te lees!

Ou Basjan sonder hom af in 'n hoekie om eers 'n bietjie te oefen. Kwaak-oek, kwaak-oek, kwaak-oek, klink dit saggies vanuit 'n hoekie in die damwal. Die sopraan-dametjies kyk na mekaar en glimlag met wye bekkies van oor tot oor.

Toe die maan om tienuur oor die bergtop loer, sit die blinkoogstam in hul honderdtalle ingeryg op die dam-

**deur THEO. PAUW**

wal en die dirigent staan op 'n gladde klip met albei hande omhoog asof hy die seën wou uitspreek, reg om die koor die teken te gee om los te bars.

Toe die twee arms met 'n swierige swaai van mekaar wegvlieg, weergalm die naglug soos die kampioenkoor van Damplaas losbars.

Tiengelieng - kling - klang - tiengeling - kling - klang, tiengelingelieng-klieng - klang - klieng - koelekoelekoelekoelekoelekoele - tienge - liengelieng - kling - kling, rol dit soos klokkies by die silwerheldere sopraankele uit; kwaak - oek - kwaakoek, kwaak - aak - aak - aak, brul ou Basjan daaronder, kwaak - ok - kwaak - ok, kwaak - aak - aak - aak, en hy gaan op en af met sy arm-oefeninge, terwyl sy groot ou maag soos 'n blaasbalk te kere gaan. Kwaak - eek - kwaak - eek - kwaak - eek, blêr die alto's tussenin, en ou Basjan moet alles in sy vermoë doen om hom nie te laat oortref nie. Kellekellekellekellekelle, haal die tenore uit daarbo vir al wat hulle werd is, terwyl die ou dirigent, blink van die sweet, met die arms te kere gaan asof sy lewe daarvan afhang.

Ewe skielik swaai die twee arms weer omhoog asof hulle verlaas weer die seën wil uitspreek en bly onbeweeglik daar posisie inneem. Ewe skielik hou die koor soos een man op behalwe ou Basjan wat 'n bietjie stadig was en nog 'n ontydige -aak agterna laat hoor. Kwêk - kwêk - kwêk -lag 'n ouvrou op 'n gedempte toon, en die ou dirigent se oë wil uit sy kop bars van woede. „Basjan, jy's vals," kom die beskuldiging boos van die ou voorman. Die kliengelieng - lieng - gelag van die soprane klink nog 'n slag helder deur die naglug, en dan is alles weer stil, of byna stil; maar darem stil in teenstelling met die luidrugtige dog treffende paddakoor.

Hoo-hoo, kom die applous van die ou uil daar vanuit die droë tak van die ou bloekomboom. Hoe-hoo, antwoord sy maat daar anderkant, wat dink dat die hoo-hoo vir hom bedoel is. Hy is so verlief dat hy nooit die paddakoor gehoor het nie; sy gedagtes was maar op sy ou vrou gevestig, en sy ore gespits om die langverwagte hoo-hoo te hoor.

Tjê - tjê - tjê - tjêê, kondig die jakkals aan dat die dag aan kom is en dat die familie so stadigaan huis-se-kant-toe moet staan.

Toe die rooi kaasrandjie van die son sy verskyning maak, wemel en babbel dit in die spaansriete. Kwrrrrrrrrr - kwetter - kwetter - kwetter - sksksksksksksksksss, babbel die vinke terwyl hulle kop-na-onder met krom nekke skoppelmaai ry. Tjirp - tjirp - tjirp - tjrrrrrrrrr, skree die mossies bo in die moerbeiboom, asof die hele wêreld onverwags aan hulle present gegee is. Kokewiet - kokewiet - kokewiet - Jan - pieriewiet - Jan - pieriewiet - pieriewiet - wiet - wiet, spring ou groenbaadjie van pol tot pol, en wys sy geel onderbaadjie asof hy wil sê: „My pa is dood aan 'n groot bors, en ek ly aan dieselfde kwaal."

Kelkiewyn - kelkiewyn - kelkiewyn, vlieg 'n paar patryse haastig verby. Ander mense maak mos nie saak nie, en hulle moet tog 'n slag modderwatertjies gaan drink voordat hulle die koringland gaan opsoek. Die gevleuelde wêreld het die heerskappy oorgeneem, want die morestond is vir hulle gemaak, en hulle moes die feit aan 'n twyfelende wêreld bekend maak.

Met die hitte van die dag bedaar hul geesdrif, en selfs die woude is stil; stil altans van voëlgesang, en nou eers hoor jy deur die stilte heen die bergstroompie klokklinkend en babbelend oor die klippe dans, om 'n endjie verder in 'n dammetjie te gorrel en te borrel en uit te nooi: „Kom drink van my, kom drink van my." Maar soos alle kleingoed word hy stil gemaak as hy by die grootmense kom, en stilvloeiend soek die rivier sy loop deur die berge heen totdat hy dreunend en donderend neerstort van die krans af in die gitswart gat daaronder wat wie weet watter onheile verberg. Stil gly hy weer voort totdat die gerommel van die bonsende golwe op die strand verneem word, en hy word opgeneem in die ewigdurende, ewigdreunende, ewig-suisende, ewig-bruisende brandergeklots.

*Swaar sluit die dag sy oë*
*En 'n sterre-stilte hou getrou die wag,*
*Soetklinkend soos 'n skone melodie,*
*Sag-strelend oor die slape van die nag.*



*Maats, hier is die rugbyspan van Morgenzon se skool. Hulle stuur groete aan al die Brandwag-maats. Ons beste wense ook aan julle. Ons hoop julle het vanjaar baie goed presteer.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012